# OMRI VAN ISRAEL: 'n POGING TOT HISTORIESE REKONSTRUKSIE

J A Burger[1]

## SUMMARY

Omri of Israel: An attempt at historical reconstruction

Historians usually use the Old Testament as their source of information in writing contemporary works on the history of ancient Israel. This information is usually merely paraphrased in writing a history of Israel, in spite of the non-primary historical and rather ideological character of the Old Testament. The application of Biblical material about Omri and his house in modern history books is no exception: Information extracted from the Old Testament enjoys preferential status in spite of the fact that extra-Biblical information on Omri also exists, as seen in the Mesha inscription as well as in Assyrian inscriptions.

The question investigated in this article, is how the available information, if at all possible, can be used to reconstruct a picture of the reign of Omri.

The article reaches the following conclusion after the Old Testament evidence, the Mesha inscription, archaeological information on Omri and also a number of modern historians' treatment of the available information on Omri have been evaluated: In attempting to reconstruct Omri's reign, not only the Old Testament, but all available sources should be used. This includes the Deuteronomist, the Mesha inscription, Assyrian inscriptions as well as archaeological information.

Precedence, as is common practice in modern historical versions, should not be given to Old Testament information, at the expense of extra-Biblical evidence.

## OPSOMMING

In hedendaagse werke oor die geskiedenis van Israel, maak historici grootliks gebruik van die Ou Testament vir hul bron van inligting. Ten spyte van die nie-primêre historiese, eerder ideologiese aard van die Ou Testament, word hierdie Ou-Testamentiese inligting dikwels bloot geparafraseer deur hedendaagse historici wanneer hulle 'n geskiedenis van Israel skryf.

Die aanwending van die Bybelse materiaal oor Omri en sy huis in moderne geskiedenisboeke is geen uitsondering nie. Ten spyte daarvan dat daar naas die Ou-Testamentiese inligting oor Omri ook buite-Bybelse inligting bestaan soos

1 Prof. J. A Burger, Dept. Ou Testament, Posbus 392, Pretoria, 0001.

blyk uit die Mesa-inskripsie, Assiriese inskripsies en moontlik uit die argeologie self, kry inligting uit die Ou Testament gewoonlik voorrang.
Die vraag wat in hierdie artikel aan die orde kom is hoe die beskikbare inligting, indien enigsins moontlik, gebruik kan word om 'n beeld van die regering van Omri te rekonstrueer.
Nadat die Ou Testamentiese inligting, die Mesa-inskripsie asook argeologiese inligting oor Omri geëvalueer is en ook 'n aantal moderne historici se hantering van die beskikbare inligting oor Omri bespreek is, kom die artikel tot die volgende slotsom: Ten opsigte van 'n historiese rekonstruksie van Omri se koningskap, mag nie net die Ou Testament nie, maar al die beskikbare bronne, naamlik die Deuteronomis, die Mesa-inskripsie, Assiriese inskripsies en ook argeologiese gegewens gebruik word.
Geen voorrang mag, soos so dikwels in moderne historiese weergawes die geval is, verleen word aan Ou-Testamentiese inligting, ten koste van buite-Bybelse inligting nie.

"History a distillation of Rumor" (Carlyle 1897:210)[2]

## 1. INLEIDING

In historiese beriggewing kan die leser gewoonlik die perspektief van die historikus te wete kom. Per slot van rekening is enige weergawe van geskiedenis perspektiwies, aangesien dít wat in die verlede gebeur het, gesien word deur die bril van die historikus. Dit is egter nie onbillik van die leser om te verwag dat die materiaal wat as geskiedenis aangebied word ten minste nie só deur die perspektief van die historikus oorheers sal word dat hierdie weergawe "dit wat werklik gebeur het" so verduister, dat dit ongeloofwaardig word nie. Hierdie verduistering neem soms in sekere (historiese) materiaal soos in Ou-Testamentiese tekste, sulke afmetings aan dat dit eerder kenmerke van ideologie as van geskiedenis toon.

Hiermee wil ek nie ontken dat die Ou-Testamentiese geskiedwerke soos díe van die Deuteronomis en die Kronis wel historiese aspekte bevat nie - die Ou Testament is per slot van rekening 'n belangrike bron van inligting oor Israel van die Ou-Testamentiese tyd, al is die fokus dikwels eerder van ideologies-religieuse as historiese aard. Ten spyte van die nie-primêre historiese aard van die Ou Testament, word hierdie Ou-Testamentiese inligting dikwels bloot geparafraseer deur hedendaagse historici wanneer hulle 'n geskiedenis van Israel skryf.

2 Thomas Carlyle (1795–1881), Skotse essayis, historikus.

Die aanwending van die Bybelse materiaal oor Omri en sy huis in moderne geskiedenisboeke is geen uitsondering nie. Ten spyte daarvan dat daar naas die Ou-Testamentiese inligting oor Omri ook buite-Bybelse inligting bestaan soos blyk uit die Mesa-inskripsie, Assiriese inskripsies en moontlik uit die argeologie self, kry inligting uit die Ou Testament gewoonlik voorrang.

Die tese van hierdie artikel is dat die Ou-Testamentiese materiaal wat tradisioneel as histories beoordeel word eerder godsdienstig-ideologies van aard is. Ten spyte hiervan word hierdie inligting vandag dikwels geparafraseer in die geskiedenisweergawes van moderne historici soos blyk uit hul onderskeie "geskiedenisse van Israel". Hierdie tese word beskou aan die hand van inligting (Bybels sowel as buite-Bybels) oor die legendariese Omri na wie se dinastie daar selfs nadat sy huis tot 'n einde gekom het verwys word as die "huis van Omri". Die vraag is hoe hierdie inligting, indien enigsins moontlik, gebruik kan word om 'n beeld van die regering van Omri te rekonstrueer.

## 2. OMRI VOLGENS DIE DEUTERONOMIS

In 1 Konings 16 word verhaal hoe Omri oor Israel koning geword het. Hiervolgens het Omri se regering 'n aanvang geneem tydens 'n militêre veldtog van koning Ela van Israel teen die Filistyne. Tydens die veldtog het Ela agtergebly in Tirsa terwyl Omri as sy leërowerste aan die front was. Intussen het Simri, die owerste oor die helfte van die strydwaens, teen Ela saamgesweer en hom gedood, waarop Simri koning geword het. Toe die nuus Omri aan die gevegsfront bereik waar hy besig was om Gibbeton van die Filistyne te beleër, het die "hele Israel" vir Omri koning gemaak. Daarna het hy en die "hele Israel" saam met hom teruggetrek en Tirsa beleër. Toe Simri sien dat die stad ingeneem is, het hy die paleis waarin hy was aan die brand gesteek en so gesterf. Hierna was die volk van Israel blykbaar (dit is nie duidelik uit die teks nie), in twee helftes verdeel - een helfte het 'n sekere Tibni gevolg en die ander helfte vir Omri. Omri se volgelinge was egter sterker en na Tibni se dood het Omri koning geword. Daarna het hy vir ses jaar regeer vanuit Tirsa en 'n verdere ses jaar vanuit sy nuwe hoofstad Samaria. Hierdie stad het hy ontwikkel op 'n heuwel wat hy van ene Shemer vir twee talente silwer gekoop het. Na 'n heerskappy van twaalf jaar het hy ontslaap en is hy by sy voorvaders in Samaria begrawe. Omri is toe opgevolg deur sy seun Agab wat vir 22 jaar (1 Konings 16:29) oor Israel regeer het. Hy is op sy beurt deur sy seun Ahasia opgevolg

vir ongeveer twee jaar (1 Konings 22:52) wat weer deur sy broer Joram, die laaste in die Omri-dinastie, opgevolg is.

Is hierdie inligting oor Omri en sy huis inderdaad geskiedenis? Op grond van die verwysings na twee ander historiese weergawes, naamlik die "kronieke van die konings van Israel" en die "kronieke van die konings van Juda", moet aanvaar word dat hierdie inligting in Konings as geskiedenis bedoel word. Volgens Konings word die "res" (יֶתֶר)[3] van die inligting oor die konings van Israel en Juda in hierdie ander historiese weergawes verskaf - met ander woorde die Koningsboeke is of bevat ook geskiedenis as die "res" in ander werke te vinde was. In 1 Konings 16:27 word byvoorbeeld gestel dat die res van die geskiedenis van Omri in die "kronieke van die konings van Israel" opgeteken is:[4]

וְיֶתֶר דִּבְרֵי עָמְרִי אֲשֶׁר עָשָׂה וּגְבוּרָתוֹ אֲשֶׁר עָשָׂה הֲלֹא־הֵם כְּתוּבִים
עַל־סֵפֶר דִּבְרֵי הַיָּמִים לְמַלְכֵי יִשְׂרָאֵל׃

Net so word gesê dat die res van die inligting oor die konings van Juda opgeskryf is in die "kronieke van die konings van Juda"[5]. Soos byvoorbeeld van Rehabeam in 1 Konings 14:29 beweer word:

וְיֶתֶר דִּבְרֵי רְחַבְעָם וְכָל־אֲשֶׁר עָשָׂה הֲלֹא־הֵמָּה כְּתוּבִים עַל־ ס פֶר

הַיָּמִים לְמַלְכֵי יְהוּדָה׃

Hierdie verwysings wil dus voorgee dat die outeur of outeurs van Konings die doel voor oë gehad het om geskiedenis weer te gee. Die materiaal bied sigself dus as geskiedenis aan.

Die inligting van die Koningsboeke oor Omri en ook oor sy huis is egter moeilik as geskiedenis te tipeer op grond van inhoudelike spannings:

- Volgens 1 Konings 16:16 het die "hele Israel" vir Omri koning gemaak oor Israel. Dit beteken dat Simri wat intussen koning was in Tirsa geen ondersteuners gehad het nie en dit is verder ook onverklaarbaar hoe die volk in twee gedeel kon wees in hul steun aan Tibni en Omri.

3 Alle Hebreeuse aanhalings uit die Ou Testament kom uit BHS.

4 Ander verwysings na die סֵפֶר דִּבְרֵי הַיָּמִים לְמַלְכֵי יִשְׂרָאֵל׃ is 1 Konings 14:19; 15:31; 16:5,14,20,27; 22:39; 2 Konings 1:18; 10:34; 13:8,12; 14:15,28; 15:11,15,21,26,31.

5 Ander verwysings na סֵפֶר דִּבְרֵי הַיָּמִים לְמַלְכֵי יְהוּדָה is in 1 Konings 14:29; 15:7,23; 22:45; 2 Konings 8:23; 12:19; 14:18; 15:6,36; 16:19; 20:20; 21:17,25; 23:28; 24:5

- Dit is ook moeilik om te begryp hoe die "hele Israel" saam met Omri kon optrek ná die beleëring van Gibbeton in die rigting van Tirsa om díe dan te beleër.
- Indien Omri twaalf jaar lank koning was (1 Konings 16:23) klop dit nie met die aanvang van sy seun Agab se koningskap in die agt-en-dertigste jaar van Asa nie, aangesien dit aan Omri 'n regeringstyd van net sewe tot agt jaar toelaat.[6]
- Dit lyk ook of Omri twee keer koning geword het: een keer toe hy die boodskap op die slagveld ontvang dat Simri koning is (1 Konings 16:16) en een keer na die dood van Tibni (vers 22). Dit lyk of hier twee verhale of twee tradisies saamgevoeg is: Die een waarvolgens Simri sewe dae koning was en direk deur Omri opgevolg is en Tibni glad nie figureer nie en die ander waarvolgens Tibni ongeveer vier jaar koning was voor of moontlik saam met Omri. Dit is selfs moontlik dat Tibni vanuit Tirsa kon regeer en Omri vanuit Samaria!
- Die chronologiese probleme is nie net beperk tot kontradiksies binne die Masoretiese teks nie - dit verskil ook met die inligting in die verskillende Griekse vertalings van die Ou Testament. So byvoorbeeld erken die Ou Griekse en Luciaanse tekste vir Tibni as koning want hoewel die Masoretiese teks van 1 Konings 16:22 eindig met die woorde "...en Tibni het gesterwe en Omri het koning geword", kom die frase "na Tibni" (μετα θαμνι) daarna in hierdie tekste voor (Shenkel 1968:40).
- Ook ten opsigte van die vierde koning in die "Huis van Omri" se geveg teen Mesa van Moab, is daar teenstrydige inligting. Volgens 2 Konings 1:17 word Joram van Israel koning gedurende die tweede jaar van Joram die seun van Josafat die koning van Juda. Dit is dan onmoontlik om saam met die gewese (reeds afgestorwe) Josafat van Juda teen Mesa van Moab te veg (2 Konings 3). Volgens die Masoretiese teks in 2 Konings 3:1 oorvleuel Joram van Israel se koningskap nie met Joram van Juda nie, maar met Josafat van Israel en is die oorlog teen Edom wel moontlik.

Sonder om te ontken dat historiese aspekte mag voorkom, is dit moeilik om te ontken dat akkurate weergawe van menslike optrede beslis nie die hoofoogmerk was nie. Die chronologiese inligting was óf baie vloeibaar in die vroeë fases van oorlewering óf dit is van tyd tot tyd verwerk (Miller 1986:264).

6 Dit is nie seker of in die berekening van die duur van 'n regeringstyd die jaar van troonsbestyging asook die jaar van die opvolger se troonsbestyging ingereken moet word nie, van daar die moontlikheid van sewe of agt jaar.

Hierdie verwerking en versameling van die inligting vind waarskynlik sy finale beslag in die eksiliese en na-eksiliese tydperk, dus ver verwyder van die aanvanklike gebeure. Dit wil voorkom of die outeur of outeurs, verantwoordelik vir die opskrif stelling van die wel en weë van Omri en sy huis, se doel nie was om geskiedenis weer te gee nie, maar om 'n godsdienstige oortuiging te laat geld. Hulle skroom byvoorbeeld nie om spesifieke waarde-uitsprake te maak oor die optrede van Simri en Omri. Wanneer byvoorbeeld die sondige Simri, wat gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here (vers 19), die huis van Baesa uitdelg, word dit geïnterpreteer as die straf van die sondes van Baesa en sy seun Ela (vers 13) ooreenkomstig die woord van die Here wat hy gespreek het deur sy profeet Jehu (vers 12). Ook Simri se dood aan sy eie hand word gesien as 'n straf op sy sondes (verse 18 en 19).

Talle ander konings se optrede word godsdienstig beoordeel. En soos 'n refrein kom dit in die Koningsboeke hetsy afwysend of goedkeurend voor in die vorm van die volgende onverbloemde godsdienstig gemotiveerde evaluering[7]:

וַיַּעַשׂ הָרַע/הַיָּשָׁר בְּעֵינֵי יְהוָה

Ook oor Omri bly die oordeel nie uit nie. Hy word negatief geëvalueer:

(1 Konings 16:25) :

וַיַּעֲשֶׂה עָמְרִי הָרַע בְּעֵינֵי יְהוָה וַיָּרַע מִכֹּל אֲשֶׁר לְפָנָיו

Die teologiese vooroordeel is duidelik in die verskil in die aandag tussen Omri en Josia in die Koningsboek. Die behandeling van die regeringskap van Omri, koning van die noordryk, wat volgens alle eksterne gegewens tot ons beskikking 'n sterk en voorspoedige ryk gevestig het, word in 'n skamele dertien verse (1 Konings 1:6-28) afgehandel. Volgens die skrywer(s) mag hy nie belangrik wees nie, aangesien hy nie getrou was aan die Jerusalemkultus nie. Aan die ander kant word daar uitgebreide aandag aan die Judese koning Josia geskenk. Hy word hoog aangeskryf vir sy verrykende godsdienstige hervormings. 'n Mens mag dan die indruk kry dat Omri in teenstelling 'n minderwaardige koning was in vergelyking met Josia in terme van nasionale en internasionale statuur waar dit eintlik op grond van eksterne buite-Bybelse inligting tot ons beskikking die teenoorgestelde situasie was.

7 Hierdie frases kom dertig keer afwysend en tien keer goedkeurend in Konings voor.

Dit wil voorkom of die waarde van die 1 Konings 16 as geskiedenisbron oor Omri beperk is, aangesien dit veral teologiese refleksie bevat - die betroubaarheid van historiese aspekte wat daarin mag voorkom kan slegs bevestig word as dit van buite, deur ander inligting ondersteun word. Die enigste moontlike terreine waar gesoek kan word vir inligting, onafhanklik van die Bybelse teks, is inligting afkomstig óf van argeologiese bevindinge gebaseer op opgrawings óf van inskripsies. In die geval van Omri is ons gelukkig aangesien nie net die opgrawings in Samaria met hom in verband gebring word nie, maar daar ook in die sogenaamde Mesa-inskripsie na hom verwys word. Behalwe die roemryke Dawid[8] is Omri die vroegste[9] Ou-Testamentiese koning van wie daar buite-Bybelse epigrafiese inligting bestaan.

Vervolgens kyk ons na die Samaria-opgrawings en die Mesa-inskripsie en hul moontlike lig op die Omri-geskiedenis.

8 Hierdie inligting is in die negende eeuse Tel Dan stela met die uitdrukking "Huis van Dawid"(Biran 1994:277-278) en ook moontlik in die Mesa-inskripsie in reël 31 (Lemaire 1994:34-36).

9 In Assiriese inskripsies, is daar wel belangrike verwysings na die latere konings Agab en Jehu asook verwysings na die "Huis van Omri": Veral van belang hier is dat datums aan hierdie verwysings gekoppel kan word op grond van die Assiriese eponieme lyste. Die verwysing na "Agab (A-hãa-ab-bu) die Israeliet" in die sogenaamde monolitiese inskripsie van Shalmaneser III se geveg by Karkar is goed bekend. Hiervolgens het "Agab die Israeliet" 10 000 voetsoldate en 2 000 strydwaens ter ondersteuning van Adad-'idri (=Hadadeser) van Damaskus in die geveg teen Shalmaneser III gestoot (Pritchard 1969:278-79). Dit vind plaas in die sesde jaar van Shalmaneser III se regering (853 VHT). Die ander verwysing is na "Jehu, seun van Omri" as byskrif by een van die panele van die sogenaamde Swart Obelisk. Die teks bevat 'n verslag van Shalmaneser III se 841 VHT veldslag in sy agtiende regeringsjaar. Hiervolgens het Shalmaneser III tribuut ontvang van die inwoners van Tirus, Sidon en van "Jehu, seun van Omri"(Ia-uÁ-a ma,r H®u-um-ri-I) (Pritchard 1969:280,281). Na hierdie tribuut word ook in die sogenaamde ikonografiese inskripsies van Shalmaneser III verwys as tribuut komende van "Jehu, seun van Omri": "The tribute of Jehu, (Ia-uÁ-a), son of Omri (H®u-um-ri-I); I received from him silver, gold..." (Pritchard 1969:281). Tiglat-Pileser III (744-727 VHT) voer Israel, letterlik "die Huis van Omri" (Bît H®umria) en hulle besittings weg na Assirië (Pritchard 1969:284). Ook in inskripsies van Sargon II (721-705 VHT) word geroem op die val van Samaria en die hele Israel, letterlik "die Huis van Omri" (Bît H®umria). Lank na die dood van Omri (indien hy regeer het van 885-874) word na Israel verwys as die huis van Omri. In teenstelling tot hierdie blote verwysings na Omri word daar meer genuanseerd in die Mesa-inskripsie oor Omri en Israel gepraat.

## 3. OMRI EN OPGRAWINGS TE SAMARIA

Die opgrawingsgeskiedenis van Samaria begin met die werk van die universiteit van Harvard in 1908 en 1910-1911 onder leiding van G.A. Reisner, C.S. Fisher en D.G. Lyon. Hoewel hierdie ekspedisies die argeologiese rykdom van die gebied aangedui het, was die waarde beperk aangesien stratifikasietegnieke toe nog minder ontwikkel was. Meer volledige ondersoek vind eers gedurende vier opgrawingseisoene plaas vanaf 1931-1935 onder leiding van J.W. Crowfoot met die bystand van G.M. Crowfoot, E.L. Sukenik en K. Kenyon. Gedurende die eerste drie seisoene word die werk gesamentlik onderneem deur die "Palestine Exploration Fund", die "British Academy", die "British School of Archaeology in Jerusalem", die "Hebrew University" en die "Harvard University". Die vierde seisoen was beperk tot die Britse lede (Parrot 1957:44; Aekroyd 1967:343; Avi-Yonah 1974:182).

Van die stad self weet ons nie veel nie aangesien opgrawings gekonsentreer het op die koninklike akropool waar twee boufases blootgelê is. Een is 'n groot terras van ongeveer 250 by 160 meter wat geplavei was met 'n dik laag kalk. Dit was omsirkel deur 'n massiewe muur van 1,6 meter dik wat op plekke ook as stutmuur gedien het. Hierdie muur wat gebou is in die sogenaamde "headers and stretchers" tegniek het bestaan uit groot, netjies gekapte klipblokke met ietwat kleiner in die boonste lae. Ongelukkig is niks van die geboue binne hierdie mure bekend nie. In 'n latere boufases is die terras met behulp van 'n kasematmuur vergroot en versterk. Hierdie muur strek oor 'n lengte van 9,7 meter aan die noordekant en 4,8 meter aan die oostekant en sluit aan by die muur van die vroeëre fase. Die strukture binne die mure is reghoekig en in lyn met die buitenste stutmure. Die gebied binne die mure was geplavei en bevat die koninklike paleis wat ongelukkig baie swak bewaar is. Die netjiese klipwerk van die geboue het die vermoede laat ontstaan dat Fenisiese ambagsmanne ingespan was vir die werk aangesien dit ooreenkomste toon met Fenisiese werk in Tirus (Pritchard 1987:98; Mazar 1992:408).

Die opgrawings het geen argeologiese stawing verskaf dat hierdie twee boufases aan spesifieke Israelse konings verbind kan word nie. Al is daar 63 ostraca in die westelike deel van die stoorkamers ontdek bevat dit geen inligting of verwysing na Omri of Agab nie - alleenlik inligting aangaande die aflewering van wyn en olie (Avi-Yonah 1974:183-84). Ten spyte hiervan en van die problematiese historiese karakter van die verwysings na Omri in 1 Konings 16 word die eerste fase nogtans aan hom verbind. Dit word gebaseer op die

inligting verkry uit 1 Konings 16:24 waarvolgens Omri die heuwel Samaria van Shemer gekoop het en 'n stad daarop gebou het. Dus ten spyte van die nie-primêre historiese, eerder godsdienstig-ideologiese aard van 1 Konings 16, word hierdie inligting as histories aanvaar en word argeologiese inligting daarmee ingekleur. Daar word selfs verder gegaan met hierdie Bybelse inligting: en op grond van die feit dat Omri, soos afgelei uit 1 Konings 16:23, net ses jaar vanuit Samaria regeer het, word aanvaar dat sy seun Agab vir die tweede fase verantwoordelik was. Alles kon tog nie in ses jaar voltooi gewees het nie (Wright 1959:75). In argeologiese kringe is dit nie ongewoon om die Bybelse inligting oor Omri en Agab te gebruik ten einde die eerste twee boufases op die Samaria-heuwel te identifiseer nie. Vir Bright is dit baie duidelik dat die Israelitiese stad begin is deur Omri en voltooi is deur Agab (Bright 1972:240). Ook K. Kenyon koppel die eerste twee fases met die bou-aktiwiteite van Omri en Agab (Kenyón 1971:81). Indien die inligting in Konings vir Omri 'n langer tyd in Samaria gegun het, sou die argeologiese interpretasie waarskynlik anders daar uitgesien het! Hier is 'n tipiese geval waar die woorde van die Bybel gebruik word om die stom gegewens van die argeologie te laat praat. Ongelukkig is dit nou maar eenmaal so dat interpretasies nie saam met artefakte opgediep word nie (Hayes 1987:8). Wanneer daar in die paleis van Omri en Agab (die struktuur word heel gemaklik as hul paleis geïdentifiseer) talle ivoorvoorwerpe gevind word, word dit heel gemaklik gesien as die moontlike ivoorhuis wat Agab volgens 1 Konings 22:39 sou gebou het (Avi-Yonah 1974:183). Ook André Parrot vind geen probleem om Bybelse gegewens te gebruik vir die interpretasie van argeologiese gegewens van "Israelitiese Samaria" nie. Hy aanvaar ook dat die eerste en tweede boufases onderskeidelik aan Omri en Agab toegeskryf moet word. Dit is natuurlik in lyn met sy poging om 'n geskiedenis van Samaria te skryf - 'n geskiedenis wat bloot 'n parafrase van Ou-Testamentiese inligting is (Parrot 1957:12-30, 47). Die vraag is watter sin het argeologie dan as die interpretasie daarvan reeds voor die aanvang van enige opgrawings bekend is?

Die inligting in 1 Konings 16:23-24 waarvolgens Omri sy hoofstad vanaf Tirsa na Samaria verskuif het, word gebruik om argeologiese inligting aangaande Tirsa en Samaria te interpreteer. Opgrawings te Tell ell-Farah (Noord) wat as Bybelse Tirsa geïdentifiseer is, toon die vernietiging van stratum III - die oudste Ystertydperkstad asook die reste van meer imposante strukture wat bo-op hierdie bouvalle opgerig is. Volgens Kenyon is die bouvalle 'n moontlike aanduiding van Tirsa se verowering deur Omri en die nuwe strukture 'n aanduiding van sy bouwerk aldaar gedurende sy eerste ses regeringsjare (!)

(Kenyon 1987:127). Hierdie strukture is nie voltooi nie as gevolg van Omri se verskuiwing van sy hoofstad na Samaria - weer eens word Bybelse inligting gebruik vir die interpretasie. Waarskynlik die interessantste interpretasie waar van Bybelse gegewens gebruik gemaak word, staan in verband met die erdewerk van Tirsa en Samaria: "The pottery of the last phase of Tell el Farah (North) before the break corresponds with the first Iron Age pottery to appear at Samaria, excavated by Crowfoot and Kenyon from 1931 to 1935, whilst that[10] associated with the succeeding early phases at Samaria is missing at Tell al-Farah (North). The fit is perfect" (Kenyon 1987:127). Hierdie interpretasie is weer eens gebaseer op Bybelse inligting (1 Konings 16). Al is hierdie standpunt deur Kenyon in 1960 gehuldig (Kenyon 1960:261), word dit deur Moorey bevestig[11] wanneer hy die oorspronklike werk van Kenyon verwerk en in 1987 publiseer (Kenyon 1987:127).

Hierdie tipe verbinding tussen opgrawingsresultate en geskrewe inligting is problematies en kan hoogstens 'n hipotese wees. Sulke nie-literêre argeologiese blootleggings is wel geskik vir algemene inligting oor die materiële kultuur van 'n bepaalde tydperk, maar nie oor spesifieke historiese aspekte nie (Miller 1986:226). Myns insiens bied die argeologiese opgrawingsresultate te Samaria tot dusver geen steun aan die Bybelse Omri-verhaal nie.

## 4. OMRI EN DIE MESA-INSKRIPSIE[12]

### 4.1 Ontdekking en rekonstruksie van die Mesa-inskripsie

Die langste monumentale steeninskripsie wat ooit in Palestina aan die lig gekom het, staan bekend as die Mesa-inskripsie (Moabitiese Steen of Mesa-stela). Die geskiedenis van die inskripsie se ontdekking begin op 19 Augustus 1869 toe 'n mediese sendeling van die "Church Missionary Society", F.A. Klein, tydens 'n besoek aan 'n bedoeïnekamp in die omgewing van Dhiban in Moab, hoor van 'n geïnskribeerde steen daar naby. Nadat Klein die steen te siene gekry het, het hy, onder die besef van die moontlike waarde daarvan, die Noord Duitse konsul in Jerusalem daarvan laat weet. Hierna het die pogings van die Pruise begin om die inskripsie te bekom vir die koninklike museum in Berlyn. Nuus oor hierdie ontdekking kon, soos te verstane, nie stilgehou word nie en al gou het die Brit, Kaptein Charles Warren, wat in diens was van die "Palestine

10 Dit verwys na die erdewerk.

11 Hy bevestig dit deur dit weer te gee sonder enige kommentaar of evaluering.

12 Tensy anders vermeld is inligting verkry van Graham 1989:41-72.

Exploration Fund" en Clermont-Ganneau, 'n vertaler vir die Franse konsul in Jerusalem, daarvan te hore gekom. Met verloop van tyd het die Pruise, Britte en Franse gewedywer vir die besit van die steen. Die bedoeïne in beheer van die steen was natuurlik bewus van die wedywering oor die steen en sou nie goedkoop daarvan ontslae raak nie. Tydens hierdie proses is daar gelukkig papierafdrukke[13] van die steen gemaak. Dit was ongelukkig nie van goeie kwaliteit nie aangesien die bedoeïne dit nie geredelik wou toelaat nie. Hulle het die inskripsie as die heiligdom van 'n bose gees beskou waarvan die krag sou verminder as 'n afdruk daarvan gemaak word (Graham 1989:62). Een so 'n afskrif was later onontbeerlik vir die rekonstruksie van die teks: Tydens die onderhandelinge het Clermont-Ganneau 'n sekere Ya'qub Karavaca gestuur om 'n papierafdruk van die inskripsie te maak. Tydens die proses, het daar 'n geveg tussen die plaaslike bevolking ontstaan. Dit het so hewig geword dat Karavaca selfs 'n spieswond opgedoen het. Hy het toe die nog nat papierafdruk van die steen afgeruk, op sy perd gespring en weggejaag. Hierdie swak afdruk wat in die proses in sewe stukke geskeur het, was later die sleutel tot Clermont-Ganneau se teksrekonstruksie (Horn 1986:52,53).

Tydens voortslepende onderhandelinge vir die verkryging van die steen word daar onverwags teen die einde van 1869 berigte ontvang dat die steen vernietig is. Volgens inligting wat Warren ontvang het, het die bedoeïne vuur onder die steen gemaak en water daaroor uitgegiet sodat die steen in stukke gebreek het (Graham 1989:65-66).

Hierna het pogings deur Clermont-Ganneau en Wilson in alle erns begin om die brokstukke te verkry. In hierdie fase van die geskiedenis van die steen het die Pruise nie meer enige rol gespeel nie. Na talle onderhandelinge en die maak van papierafdrukke van sommige van die groter brokstukke, het Clermont-Ganneau die oorspronklike teks saamgestel en ook die oorspronklike stukke van die steen wat verkry kon word aanmekaar gesit. Die teks van die brokstukke wat heeltemal vernietig was of nie meer verkry kon word nie is so goed as moontlik gerekonstrueer van die soms swak afdrukke. Clermont-Ganneau het hierdie werk verrig in die Franse konsulaat in Jerusalem en alhoewel hy van tyd tot tyd verskillende hersienings van die teks van die steen die lig laat

13 'n Papierafdruk ("paper squeeze") is gemaak deur 'n vel sagte nat papier op die geïnskribeerde kant van die klip te plaas. Met behulp van 'n borseltjie word dit dan in die gleufies van die letters gedruk. Wanneer dit droog is word die papier versigtig verwyder om dan 'n negatiewe afdruk van die teks te vorm met die letters in opgehewe vorm (Horn 1986:52).

sien het, was dit eers na sewe jaar in 1876 dat hy die gerestoureerde steen aan ander wetenskaplikes beskikbaar gestel het vir ondersoek - tot groot frustrasie van die akademiese wêreld (Graham 1989:73). Daarna het die gerestoureerde steen die besit geword van die Louvre in Parys.

4.2 Die teks van die mesa-inskripsie

Die steen is 'n groot blou-swart basalt monument van 100 x 60 x 60 cm waarvan die bokant gerond is en die basis plat met die regterkantse onderste hoek afgebreek. Net die voorkant is beskryf waarop daar vier-en-dertig lig-gegraveerde reëls in Fenisiese skrif voorkom. Aan die regterkant is daar aanduidings dat die teks met 'n raam omsluit was. Die woorde van die teks is telkens met kolletjies van mekaar geskei en die sinne met 'n vertikale strepie. Ek gee die teks in Hebreeus en Afrikaans weer en net tot by die helfte van reël 9, aangesien slegs hierdie gedeelte van die teks direk na Omri verwys:

1 אנך משע בן כמש·יתף[14] מלך מאב הד

2 יבני: אבי מלך על מאב שלשן שת ואנך מלכ

3 תי אחר אבי: ואעש הבמת זאת לכמש בקרחה: במ . ף

4 שע כי השעני מכל השלכן וכי הראני בכל שנאי: עמר

5 י מלך ישראל ויענו את מאב ימן רבן כי יאנף כמש באר

6 צה: ויחלפה בנה ויאמר הא אענו את מאב: בימי אמר כ וף:

7 וארא בה ובבתה: וישראל אבד אבד וירש עמרי את[15] כל ארץ

8 ץ מהדבא: וישב בה ימה וחצי ימי בנה ארבען שת ויש

9 בה כמש בימי:

14 Hierdie rekonstruksie is gabaseer op 'n inskripsie van 'n Moabitiese fragment wat in Kerak gevind is (Jackson 1989:93).

15 Die lesing van die כ is nie seker nie, sommige navorsers lees א (Jackson 1989:94). In plaas van כל ארץ sou mens dan bloot ארץ kan lees.

1. Ek is Mesa, seun van Kemosh(yat), koning van Moab, die D

2. aiboniet. My vader het dertig jaar oor Moab regeer, en ek het re-

3. geer na my vader. Ek het hierdie hoë plek vir Kemosh in Qarhoh gemaak.[..

4. .] want hy het my van al die konings gered en hy het my oor al my vyande laat heers. Omr

5. i was koning oor Israel, en hy het Moab vir baie jare (letterlik: dae) onderdruk omdat Kemosh kwaad was vir sy la

6. nd. Sy seun het hom opgevolg, en hy het ook gesê, "Ek sal Moab onderdruk." In my dae het hy s[o]gesê.

7. Maar ek het oor hom en sy huis geheers, en Israel het heeltemal ten gronde gegaan - vir ewig. En Omri het besit geneem van die h[ele lan]

8. d van Mehadaba. En hy het daarin gewoon gedurende sy dae en die helfte van die dae van sy seun(s) - veertig jaar; maar

9. Kemosh het in my dae teruggekeer.

## 5. INLIGTING OOR OMRI VOLGENS DIE MESA-INSKRIPSIE

Die "historiese" inligting oor die verhouding tussen Omri en Mesa wat in die inskripsie vervat word, is kortliks die volgende. Omri het oor Moab regeer, dit is spesifiek Noord Moab - die omgewing van Madaba. "En Omri het besit geneem van die h[ele lan]d van Mehadaba." (reëls 7,8). En hy het veertig jaar daaroor regeer gedurende sy leeftyd en die helfte van díe van sy seun(s). "Hy het daarin gewoon gedurende sy dae en die helfte van die dae van sy seun(s) - veertig jaar" (reël 8). Omri se onderdrukking het reeds begin tydens die regeringskap van Mesa se vader wat vir dertig jaar lank voor hom regeer het (reël 2). Dit is ongelukkig nie duidelik vir hoe lank Mesa se vader se regering en Omri s'n oorvleuel het nie. Mesa roem daarop dat hy gedurende sy regering die juk van Omri se seun afgewerp het (reëls 6,7). En so is Israel, met ander woorde die "Huis van Omri" vir ewig tot niet - "en Israel het heeltemal ten gronde gegaan - vir ewig" (reël 7). Die vraag is egter hoe "histories" betroubaar hierdie inligting is, aangesien dit ook 'n religieuse inslag het.

## 6. RELIGIEUSE AARD VAN DIE MESA-INSKRIPSIE

Die aard van die inligting oor Omri in 1 Konings 16 is soos hierbo aangedui sterk godsdienstig gekleur met die gevolg dat Omri negatief beoordeel word. As gevolg hiervan is die historiese aard van die inligting oor Omri en die Huis van Omri in die Ou Testament onder verdenking. Net soos in die geval van 1 Konings 16, is die inligting in die Mesa-inskripsie religieus gekleur. Die guns van Kemosh, die god van Moab staan telkens voorop. Mesa bou byvoorbeeld 'n hoogte vir Kemosh omdat hy hom van al sy vyande - ook van Omri die koning van Israel - verlos het (reëls 3,7). Selfs oor die onderdrukking van Moab deur Omri word geteologiseer. Die rede hiervoor word in reël 5 gestel: "Kemosh was kwaad vir sy land." Wanneer Israel verslaan word deur Mesa, word dit gesien dat "Kemosh terugkeer" (reël 9). Wanneer Atarot van Israel verower word, word al die inwoners gedood as "'n versadiging vir Kemosh" (reël 12) en die altaar herd word voor Kemosh gebring. Soortgelyke optrede vind ook plaas wanneer Nebo van Israel verower word. Kemosh word met die verowering van Nebo gesien as die een wat Mesa tot geveg aanmoedig: "Gaan verower Nebo van Israel" (reël 14). Wanneer die inwoners uitgedelg word, word dit opgedra aan Ashtar-Kemosh en die houers (?) van Jahwe word voor Kemosh gesleep (reëls 17,18). Volgens reël 32 gee Kemosh ook opdrag om teen Hawronen te veg en in die tweede laaste reël (33) kom dieselfde religieuse formule as in reël 9 voor: "Kemosh het in my dae teruggekeer". Ook die inligting van die Mesa-inskripsie is nie "suiwer" geskiedenis nie.

## 7. SPANNINGE TUSSEN DIE KONINGSBOEK EN DIE MESA-INSKRIPSIE

Wanneer die inligting oor die regering van Omri soos wat dit voorkom in die Koningsboek en die inligting soos blyk uit die Mesa-inskripsie naas mekaar geplaas word, is daar twee punte waar die twee in spanning staan:

7.1 Volgens 2 Konings 1:1 en 3:4-5 het Mesa, die koning van Moab afvallig geword van Israel "na die dood van Agab":

(2 Konings 1:1)

וַיִּפְשַׁע מוֹאָב בְּיִשְׂרָאֵל אַחֲרֵי מוֹת אַחְאָב׃

הָיָה נֹקֵד וְהֵשִׁיב לְמֶלֶךְ־יִשְׂרָאֵל מֵאָה־אֶלֶף כָּרִ וּמֵאָה אֶלֶף אֵיל צָמֶר׃
וּמֵישַׁע מֶלֶךְ־מוֹאָב

(2 Konings 3:4-5)

וַיְהִי כְּמוֹת אַחְאָב וַיִּפְשַׁע מֶלֶךְ־מוֹאָב בְּמֶלֶךְ יִשְׂרָאֵל׃

Volgens die Mesa-inskripsie het Mesa in opstand gekom teen Omri en sy juk afgewerp tydens die regeringskap van Omri se seun wat hom opgevolg het:

ויחלפה בנה ויאמר הא אענו את מאב: בימי אמר כן:

(Reëls 6 en 7a)

וארא בה ובבתה:

Ongelukkig word hierdie seun se naam nie in die Mesa-inskripsie genoem nie. Indien dit Agab was, wat moontlik is, staan hierdie inligting in spanning met die inligting in 2 Konings 1:1 en 3:4-5. Die term "seun" kan kleinseun of bloot afstammeling beteken soos bekend uit die Bybel en ook uit ander Nabye-Oosterse inskripsies (Horn 1986:54). In díe geval kan dit, indien die inligting van Konings oor die opvolgers van Omri in ag geneem word, naas Agab ook op Ahasia of Joram, die ander twee konings in die Omri-dinastie en kleinseuns van Omri, dui. Dan sou die inligting nie in spanning met genoemde inligting in 2 Konings 1:1 wees nie.

7.2 Volgens die Mesa-inskripsie het Omri en sy huis die "land van Mehadaba"[16] (ארץ מהדבא) vir veertig jaar beset - gedurende die dae van Omri en die helfte van die dae van sy seun(s)[17]:

וישב בה ימה וחצי ימי בנה ארבען שת: Waarop sou die veertig jaar van die Mesa-inskripsie dui? Volgens die Masoretiese teks van 1 en 2 Konings, het Omri 12 jaar regeer, Agab 22, Ahasiah 2 en Joram 12 waarmee die Omri-dinastie tot 'n einde kom. Ten einde die twee tekste te versoen moet die veertig jaar ooreenkom met die 12 jaar van Omri plus die helfte van Agab se regering wat 'n totaal van 23 jaar is. 'n Ander moontlikheid is die 12 jaar van Omri plus die helfte van die regeringstyd van die res van die Huis van Omri wat dan 'n totaal van 30 gee - dus steeds klop die twee tekste nie. Van Zyl is

16 Dit is Noord Moab, met ander woorde die gebied rondom Madaba, noord van die Arnon.

17 Die teks kan hier lees "sy seun" of "sy seuns", aangesien בנה respektiewelik gevokaliseer word as בְּנוֹ of בָּנָיו. Albei hierdie moontlikhede maak sin en dit is grammatikaal onmoontlik om te bepaal hoe die teks hier gelees moet word - anders as in reël 6 waar בנה baie duidelik uit die konteks blyk enkelvoud te wees (Dearman 1989:109-10). Die vertaling sal op historiese gronde bepaal moet word, en dit is juis die probleem aangesien ons hoop om juis historiese inligting in die Mesa-inskripsie te vind.

van mening dat veertig jaar 'n benaderde getal is wat op ongeveer een geslag dui "from the middle of the reign of king Omri to the middle of that of his son" (Van Zyl 1960:139). Dit klop dan in elk geval nie met die Masoretiese teks nie. Dit lyk dus of die probleme met die historisiteit van die Koningsgegewens oor die Omri-dinastie onopgelos bly. Dit is moontlik dat die veertig jaar 'n afgeronde of benaderde getal is en nie letterlik geneem móet word nie.

## 8. DIE MESA-INSKRIPSIE EN KONINGS SOOS WEERSPIEËL IN MODERNE GESKIEDSKRYWING

Ten spyte van die problematiese historiese aard van die Ou Testament-inligting oor die Huis van Omri, en ten spyte van die feit dat bekende buite-Bybelse inligting eersgenoemde inligting nie in besonderhede kan onderskryf nie, word Bybelse inligting oor die algemeen bloot geparafraseer wanneer moderne geskiedskrywers hul weergawes van die geskiedenis van Israel weergee. Te dikwels word in moderne teksboeke die inligting in die Ou Testament bloot ge-eggo as die geskiedenis van Israel en Juda. Die perspektiewe van die Bybelskrywers word eenvoudig aanvaar as betroubare en historiese refleksies oor die verlede. 'n Oorsig van 'n aantal geskiedenisse van Israel, gepubliseer gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog illustreer hierdie posisie in mindere of meerdere mate. Ek lys die werke in chronologiese volgorde[18]:

- Albright, WF. 1940, 21957. From Stone Age to Christianity.
  Albright, WF. 1949, [3]1963. The biblical period from Abraham to Ezra: an historical survey.

In sy werk From Stone Age to Christianity wys Albright op die belang van die gebruik van, soos hy dit noem "written documents" en "unwritten documents" as bronne vir geskiedskrywing (Albright 1957:32-64) en hoewel hy na die Mesa-inskripsie verwys, behandel hy dit nie in terme van die Omri-dinastie nie. Dit is in sy kursoriese werk, The biblical period from Abraham to Ezra: an historical survey, dat die era van Omri ter sprake kom. Ongelukkig gebruik hy die Bybelse inligting oor Omri en sy huis, soos trouens ook die res van die Ou Testament-inligting, as basis vir hierdie werkie. Dit is dieselfde Ou-Tes-

18 Die belangrike werk van Roland De Vaux The early history of Israel waarvan net twee volumes verskyn het word nie bespreek nie, aangesien die tydperk van die Omriede wat hier ter sprake is nie in sy geskiedenis onder bespreking kom nie. Die rede is dat hierdie grootse werk, wat hy beplan het vir drie volumes as gevolg van sy ontydige dood nooit voltooi is nie.

tamentiese inligting net in ander woorde. Wat die Mesa-inskripsie betref, vul hy bloot die Bybelse inligting daarmee aan, sonder om dit te evaluer: "Thanks to the Mesha Stele, we know that Omri reconquered Moab..." (Albright 1963:63).

- Noth, M. 1950, 31966. Geschichte Israels.

Vir Noth is die Ou Testament die hoofbron van historiese inligting oor Israel al was die religieuse en nie die historiese nie, die basiese oogmerk van die Ou Testament. Wat argeologiese artefakte betref gee dit bloot agtergrond en is dit volgens hom nie onontbeerlik vir die historikus nie - wel van groot belang is geskrewe dokumente wat direk of indirek as gevolg van opgrawings aan die lig gekom het (Noth 1966:45-52). Hy stel die verhouding tussen geskrewe en ongeskrewe argeologiese inligting soos volg: "Fragt man aber genauer danach, worauf sich in erster Linie diese unsere heutige Kenntnis gründet, so muß man ohne allen Zweifel die ungezählten gefundenen Schrifdokumente nennen, die in unmittelbarem oder mittelbarem Zusammenhang mit den durchgeführten Ausgrabungen zum Vorschein gekommen zind. Was wüßten wir wirklich Genaues und geschichtlich Wesentliches vom alten Orient, wenn wir zwar alle übrigen materiellen Überreste, aber nicht die literarische Hinterlassenschaft im weitesten Sinne besäßen?" (Noth 1966:50). Wanneer hy die Mesa-inskripsie ter sprake bring dan is daar ongelukkig geen evaluasie van die probleem of die opstand van Mesa wat tydens of na Agab se dood plaasvind nie. Ook speel die spanning tussen die Masoretiese teks en byvoorbeeld die Lucianus-weergawe geen rol nie (Noth 1960:244-45). Die lyn van die Ou-Testamentiese geskiedenis word in hierdie geval onkrities gevolg.

- Bright, J. 1959, 31981. A history of Israel. London: SCM.

John Bright gaan heel probleemloos met die geskiedenis van die Omriede om en gebruik die verhaal van die Kronis in die Ou Testament as basis van sy geskiedenis oor die "Huis van Omri". Eintlik meer nog: nie as basis nie, want dit sou 'n interpretasie beteken - hy gebruik die Bybelse weergawe as sy weergawe. Die inligting van die Mesa-inskripsie voeg hy bloot by hierdie weergawe deur te sê dat Omri vir Moab oorwin het en dit 'n vasalstaat gemaak het. En dit sonder om te reflekteer oor die problematiese historiese aard van beide (Bright 1972:232- 238). Ook ten opsigte van die opgrawings te Samaria is daar vir hom geen probleem om dit te verbind met Omri en Agab nie: "Archaeology has shown that the city begun by Omri and completed by Ahab..." (Bright 1972:240).

- Gunneweg, A.H.J. 1972, 41882. Geschichte Israels bis Bar Kochba.

Hoewel Gunneweg volgens die inleiding tot sy geskiedeniswerk "biblischen und außerbiblischen Quellen" gebruik in sy geskiedenis van Israel (Gunneweg 1972:7), verwys hy wat die Omri-dinastie betref net na die Mesa-inskripsie, sonder om die historiese aard van hierdie twee bronne te evalueer (Gunneweg 1972:94,97). Die Bybelse inligting is sy hoofbron en bepaal die verloop van sy geskiedenis van Israel.

- Herrmann, S. 1973, 21981. Geschichte Israels in alttestamentlicher Zeit.

Herrmann wat duidelik in die Alt-Noth tradisie staan, fokus op die belang van die Mesa-inskripsie, maar net soos in die gevalle hierbo, sonder om die historiese karakter van die Mesa-inskripsie en die Bybelteks te evalueer. "...sie[19] wirft entscheidendes Licht auf die zwischen Israel und Moab zur Zeit der Omriden bestehenden Abhängigkeiten und Spannungen und fügt sich wenigstens in die größeren Zusammenhänge der Zeit hervorragend ein" (Herrmann 1973:270).

- Fohrer, G. 1977, 31982. Geschichte Israels: Von den Anfängen bis zur Gegenwart.

Fohrer maak basies net van die Ou Testament gebruik vir inligting oor Omri. Hy verwys net na die Mesa-inskripsie deur te noem dat Omri mag oor Moab uitgeoefen het, verder gebruik hy nie die Mesa-inskripsie nie (1979:134).

- Jagersma, H. 1979,1982. Geschiedenis van Israël in het oudtestamentische tijdvak.

Jagersma wys daarop dat die Ou Testament swyg oor Omri se houvas oor Moab. "Dankzij het gegeven van de z.g. Mesa-steen weten wij nu dat dit gebied inderdaad door Omri werd veroverd." (Jagersma 1979:193). Jagersma maak erns met die aard van die Deuteronomis, volgens wie se teologiese perspektief hierdie inligting nie belangrik is nie (1979:194). Dit is egter jammer dat hy ietwat ongeërg met die inligting van die Mesa-inskripsie te werk gaan - die Mesa-inskripsie meld nie dat die Omriede se juk tydens die regeringskap van Joram afgewerp is soos Jagersma noem nie (1979:193-194). Dit is sy afleiding, maar beslis nie 'n stellige afleiding nie.

- Soggin, JA. 1984. A history of Israel: from the beginnings to the Bar Kochba Revolt, AD 135.

Soggin is baie krities oor geskiedskrywing as 'n blote parafrase van die Bybelse teks veral vir die tyd voor die monargie (Soggin 1984:31-32). Tog meen hy dat die Deuteronomis meer objektief is in sy hantering van historiese materiaal as die Kronis en die Priesterskrywer, aangesien laasgenoemde twee

19 Dit is die Mesa-inskripsie.

meer religieus geïnklineerd is (Soggin 1984:31). Dit verklaar waarom hy wat die gebeure rondom die Omriede betref sterk op die Deuteronomis steun al maak hy van Assiriese inligting oor die "Huis van Omri" en die Mesa-inskripsie gebruik. Dit is jammer dat ten spyte van sy kritiese inslag in die evaluering van Bybelse en ander geskrewe inligting oor hierdie tyd, die Bybelse tog deurskemer as die meer deurslaggewende. So lei hy uit die Koningsgeskrif af dat die seun van Omri waarna die Mesa-inskripsie verwys Agab moet wees (Soggin 1984:210), sonder om op die problematiek rondom die enkelvoud en meervoud van seun(s) te wys.

- Miller, JM &, Hayes. 1986. A history of ancient Israel and Judah.

Hier is die benadering oor die Omri-dinastie verkwikkend versigtig en daar word gewys op die verskillende bronne naas die Ou Testament wat beskikbaar is. Daar word ook gewaarsku dat die konflikterende chronologiese inligting in die Ou Testament problematies is vir hul historiese waarde. Maar tog word die Ou-Testamentiese inligting gebruik vir 'n rekonstruksie van die geskiedenis van die Huis van Omri (Miller 1986:256).

- Garbini, G. 1986. History and ideology in Ancient Israel.

Hoewel hierdie werk van Garbini nie 'n "volledige" geskiedenis van Israel is nie en ook nie voorgee om dit te wil wees nie, behandel hy tog insidente uit die geskiedenis van Israel en wel op 'n kritiese wyse. Garbini is oor die algemeen, om dit sagkens te stel, geensins opgewonde oor die historiese betroubaarheid van die Ou Testament nie, aangesien dit vir hom grootliks ideologie en nie geskiedenis is nie. Volgens hom kan die historiese konsep van die Ou Testament weergee word as "...political thought which identifies itself with religious thought (the prophets) and that religious thought which makes itself historical thought (the history writers) and creates a fictitious but sacral history came together in a circularity which in our all too knowing language is no longer politics or religion or history - but only ideology" (Garbini 1988:xvi). Hy is van mening dat buite-Bybelse tekste gewoonlik deur Bybelgeleerdes onderwaardeer of heeltemal geïgnoreer word (Garbini 1988:33). 'n Mens sou dus verwag dat hy versigtiger te werk sou gaan met die inligting van die Mesa-inskripsie as om eenvoudig te meld dat Mesa die juk van Omri in die middel van die regering van een van sy seuns afgewerp het (Garbini 1988:33)- veral in die lig van die groot waarde wat hy aan Mesa-inskripsie heg. Die probleem is dat hy nie die vertalingsprobleem in verband met "seun" as enkelvoud of meervoud oorweeg nie. In die verdere verloop van Garbini se betoog in sy debat met Giuseppe Ricciotti, wanneer hy dit het oor die diskrepansie tussen die bybelteks waarvolgens Mesa na die dood van Agab in

opstand kom en die Mesa-inskripsie waarvolgens dit plaasvind in die helfte van die regering van sy seun(s), is dit duidelik dat Garbini vir die enkelvoud kies en die "seun" as Agab sien! (Garbini 1988:34).

Garbini kritiseer Bybelgeleerdes dat hulle te hoë waarde aan die Bybelse inligting vir geskeidskrywing heg. Garbini neig egter na die ander kant toe as hy aan Omri, op grond van die Mesa-inskripsie 'n lang regering - 40 jaar toeken. (Dit doen hy ten spyte daarvan dat die Mesa-inskripsie 40 jaar nie net aan Omri verbind nie, maar ook aan sy seun(s).) 'n Dinastie, so impliseer Garbini, kan tog nie na Omri heet as hy net 12 jaar regeer nie. Volgens hom kon 'n heerser in die antieke Nabye Ooste, slegs deur 'n lang regeringskap politieke mag verkry. En ook op grond van die Mesa-inskripsie meen Garbini dat die dinastie met Agab tot 'n einde kom (in lyn met sy enkelvoud-vertaling van "seun") (Garbini 1988:36).

- Ahlström, G.W. 1993. The history of Ancient Palestine from the Palaeolithic Period to Alexander's conquest.

Gösta W. Ahlström, is volgens die inleiding tot hierdie werk wat na sy dood in 1993 die lig sien, goed bekend met die probleme wat die gebruik van Bybelse inligting vir die skryf van 'n geskiedenis van Israel en Juda inhou (Ahlström 1993:19-55). In die voorwoord verwys hy na Garbini se kritiek dat vele hedendaagse geskiedenisse van Israel en Juda die Bybelskrywers se perspektiewe "as reliable reflections of past events and their casual relationships" aanvaar (Ahlström 1993:10). Desnieteenstaande volg Ahlström se weergawe van die geskiedenis van die Omriede grootliks die gang van die Bybelse inligting. Al is dit vir hom belangrik om ook ander materiaal te raadpleeg in hierdie rekonstruksie, gaan hy onkrities te werk met die inligting oor hierdie tyd soos blyk uit die Mesa-inskripsie . Hy aanvaar verkeerdelik dat die Mesa-inskripsie Omri se seun Agab vermeld. Die verwysing in die inskripsie na die seun van Omri is vir hom niemand anders as Agab nie: "The inscription of king Mesha of Moab also mentions Omri's son Ahab." Ahlström wys daarop dat die Mesasteen berig dat Mesa die juk van Israel afgegooi het. Dan gebruik hy die Bybelse inligting om te bepaal wanneer dit gebeur: "The biblical texts say that this happened when Ahab died." (Ahlström 1993:579). 'n Mens wonder net waarom gebruik hy nie maar weer eens die Mesa-inskripsie nie. Aangesien hy reeds die seun van Omri as Agab geïdentifiseer het, het dit mos volgens die Mesa-inskripsie tydens Agab se regering plaasgevind. Hy gaan nie in op hierdie problematiek nie en ook nie op die moontlikheid dat die Mesa-inskripsie se "seun" enkelvoud of meervoud kan wees nie. Hy kies eerder

vir die Bybelse inligting oor wanneer die juk afgewerp is. Dit lyk dus of hy nie erns maak met die buite-Bybelse inligting nie al wil hy dit voorgee.

## 9. SLOT

Ten opsigte van 'n historiese rekonstruksie van Omri se koningskap, moet al die beskikbare bronne wat op Omri betrekking het, naamlik die Deuteronomis, die Mesa-inskripsie, Assiriese inskripsies en moontlik ook argeologiese gegewens gebruik word. Weens die ideologies-religieuse aard van die Deuteronomis se inligting oor die Israelse konings en dus ook oor Omri, kan hierdie inligting nie, soos oor die algemeen gebeur, net eenvoudig oorgeneem word as geskiedenis in hedendaagse geskiedswerke oor Israel nie. Waar ander geskrewe inligting 'n bydrae kan lewer tot 'n duideliker historiese beeld, moet dit in berekening gebring word. In hierdie geval verskaf die Mesa-inskripsie en die Assiriese inskripsies inligting wat nie geïgnoreer kan word nie. Wat argeologiese gegewens te Tirsa en Samaria betref, is dit ongelukkig van so 'n aard dat dit nie onomwonde met Omri verbind kan word nie en is dus vir hierdie rekonstruksie van geen waarde nie. Geen voorrang mag verleen word aan die Ou-Testamentiese inligting ten koste van buite-Bybelse inligting nie.Alle tersaaklike inligting sáám verskaf boustene vir 'n breë rekonstruksie oor die regering van Omri. Bybelse inligting wat nie uit ander bronne bevestig kan word nie dra minder historiese gewig op grond van die nie-historiese, eerder ideologiese aard van die Ou Testament. Op grond hiervan mag weergawes oor die geskiedenis van Israel nie blote parafrases van Ou-Testamentiese inligting wees nie.

Hierdie materiaal verskaf inligting waarvolgens algemene, nie-spesifieke afleidings ten opsigte van die geskiedenis van Omri gemaak kan word. Ons weet dát Omri regeer het, dát hy vir 'n tyd ook Noord Moab beheer het, dát daar een of meer konflikte tussen hom/sy huis en Mesa van Moab was en dát die juk afgewerp is gedurende Mesa se regering. Wanneer Omri en sy huis regeer het is nie duidelik uit die Deuteronomis se werk nie, aangesien net relatiewe datums gegee word ten opsigte van die regeringstye van die Judese konings. Die enigste spesifieke datum wat aan Omri se huis verbind kan word, blyk uit Assiriese inskripsies. Hiervolgens het Agab se regering op die laaste teen 853 VHT met die slag van Karkar teen Shalmaneser III tot 'n einde gekom. Omri moes dus in die 870's regeer het. Presiese jaartalle van regeringstye uit die Deuteronomis en die Mesa-inskripsie is nie moontlik nie. Al word daar nie

veel gewag gemaak van Omri deur die Deuteronomis nie, (juis omdat hy godsdienstig onaanvaarbaar optree) is dit volgens Assiriese inskripsies met die verwysings na die "Huis van Omri" en die groot getalle soldate wat Agab in die veld kon stoot, duidelik dat Omri en sy huis 'n mag was om mee rekening te hou. Die militêre aard van die Omri-dinastie, soos blyk uit die werk van die Deuteronomis, word ondersteun deur die inligting van die Mesa-inskripsie, waarvolgens die omgewing van Noord Moab deur Omri en sy seun(s) van Mesa se vader ingepalm is, en weer deur militêre optrede deur Mesa van die Omriede verower is. Omri en sy opvolgers se buitelandse invloed was blykbaar nie net militêr nie, want indien die opgrawingsresultate te Samaria ten opsigte van byvoorbeeld die sogenaamde ivoorhuis en die invloed van Fenisiese argitektuur aan Omri verbind kan word (dit bly myns insiens omstrede), het hy ook handelsbetrekkinge met Fenisië gehad. Hierdie Fenisiese konneksies pas dan ook in met Agab se koninklike huwelik met die Fenisiese prinses Isebel.

## Bibliografie

ACKROYD, PR.

1967. Samaria. In *Archaeology and Old Testament study*, ed. DW Thomas, 343-54. Oxford: Clarendon Press.

AHLSTRÖM, GW.

1993. The history of Ancient Palestine from Palaeolithic Period to Alexander's conquest. *JSOTSS*, vol. 146. Sheffield: JSOT Press.

ALBRIGHT, WF.

1957. *From Stone Age to Christianity*. Garden City, New York: Doubleday Anchor Books.

1963. *The biblical period from Abraham to Ezra: an historical survey*. New York: Harper Torchbooks.

AVI-YONAH, M.

1974. Samaria. In *Archaeology*, ed. M Neishtat, 182-85. Jerusalem: Keter Books.

BIRAN, A.

1994. *Biblical Dan*. Jerusalem: Israel Exploration Society.

BRIGHT, J.

1972. *A history of Israel*. London: SCM.

CARLYLE, T.

1897. *The French Revolution: A history*. London: George Routledge and Sons.

DEARMAN, A.

1989. Historical reconstruction and the Mesha inscription. In *Studies in the Mesha inscription and Moab*, ed. A Dearman, 155-210. Atlanta, Georgia: Scholars Press.

ELLIGER, K & RUDOLPH, W. (eds)

1967/77. *Biblia Hebraica Stuttgartensia*. Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung.

GARBINI, G.

1988. *History and ideology in ancient Israel*. Vert. J Bowden. London: SCM.

GRAHAM, MP.

1989. The discovery and reconstruction of the Mesha inscription. In *Studies in the Mesha inscription and Moab*, red. A Dearman, 41-92. Atlanta, Georgia: Scholars Press.

GUNNEWEG, AHJ.
1972. *Gerschichte Israels bis Bar Kochba.* Stuttgart: W. Kohlhammer.

HAYES, JH.
1987. *On reconstructing Israelite history.* JSOT 39:5-9.

HERRMANN, S.
1973. *Geschichte Israels in alttestamentlicher Zeit.* München: Kaiser Verlag.

HORN, SH.
1986. *Why the Moabite stone was blown to pieces.* BAR 12 (May/June):50-61.

JACKSON, KP & DEARMAN, A.
1989. The text of the Mesha inscription. In *Studies in the Mesha Inscription and Moab,* red. A Dearman, 93-95. Atlanta, Georgia: Scholars Press.

JAGERSMA, H.
1979. *Geschiedenis van Israël in het oudtestametische tijdvak.* Kampen: J.H. Kok.

KENYON, KM & MOOREY, PRS.
1987. *The Bible and recent archaeology.* London: British Museum Publications.

KENYON, KM.
1960. *Archaeology in the Holy Land.* London: Ernest Benn.

1971. *Royal cities of the Old Testament.* London: Barrie & Jenkins.

LEMAIRE, A.
1994. "House of David" restored in Moabite inscription. BAR 12 (May/June):32-37.

MAZAR, A.
1992. *Archaeology of the land of the Bible 10,000 - 586 B.C.E.* New York: Doubleday.

MILLER, JM & HAYES, JH.
1986. *A history of ancient Israel and Judah.* Philadelphia: Westminster Press.

NOTH, M.
1960. Der Beträge der Argeologie zur Geschichte Israels. *SVT*, vol. 7.

1966. *Geschichte Israels.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

PARROT, A.

1957. *Samaria:Hoofdstad van het koninkrijk Israël.* Vert. IS Herschberg. Nijkerk: Callenbach.

PRITCHARD, JB (red).

1969. *Ancient near eastern texts relating to the Old Testament.* Princeton: Princeton University Press.

1987. *The Times Atlas of the Bible.* Londen: Times Books.

SHENKEL, JD.

1968. *Chronology and Resensional Development in the Greek Text of Kings.* Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

SOGGIN, JA.

1984. *A history of Israel from the beginnings to the Bar Kochba Revolt, AD 135.* Vert. J Bowden. London: SCM Press.

VAN ZYL, AH.

1960. *The Moabites.* Leiden: E.J. Brill.

WRIGHT, GE.

1959. Samaria. *BA* 22 (3):67-78.